

**Graad 11**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**EKSEMPLAAR**

**VRAESTEL 1**

**November 2014**

PUNTE: 80  
TYD: 2 UUR

**Hierdie VRAESTEL bestaan uit 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)

AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)

AFDELING C: TAAL (40 PUNTE)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n lyn na elke Afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.

8. Voorgestelde tye:

AFDELING A: 50 minute

AFDELING B: 30 minute

AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.


**AFDELING A – LEESBEGRIP**

**VRAAG 1 - INTERNETARTIKEL**

- Lees die onderstaande internetartikel en beantwoord die vrae.

**Nuwe paniek oor Ebola**

1. Gesondheidsbeamptes het Woensdag, 1 Oktober die Dallas-gebied deursoek na mense – onder wie skoolkinders – wat kontak gehad het met 'n Liberiese man met Ebola. Dit het bekend geword dat 'n misverstand in 'n hospitaal veroorsaak het dat hy aanvanklik weggewys is.
2. Weens dié misverstand onder die hospitaalpersoneel is meer mense aan die man blootgestel toe hy op 25 September behandeling gesoek het, erken hospitaal-amptenare in Texas.
3. Ebola versprei deur nabye kontak met die liggaamsvloeistowwe van 'n besmette persoon. Dit kan ook slegs oorgedra word wanneer 'n pasiënt simptome toon, soos koors, pyn, bloeding, braking of diarree.
4. Die man het van Liberië gereis, die land wat die swaarste onder die uitbreking van die ebola-virus deurloop, en het op 20 September in Texas aangekom om by familie te kuier. Hy het op 24 September siek geraak.
5. Hy is die volgende dag hospitaal toe, maar is huis toe gestuur omdat die mediese span “gemeen het dis 'n algemene, laegraadse virussiekte”, sê Mark Lester, uitvoerende onderhoof van Texas Health Resources.
6. “Hy het genoem dat hy van Afrika gereis het nadat die verpleegster hom daarvoor gevra het,” het Mark bygevoeg.
7. “Ongelukkig het die hele mediese span nie daardie inligting gekry nie.”
8. In 'n verklaring deur die hospitaal sê hulle, sy aanvanklike simptome op 25 September was 'n “lae koors en maagpyn”, en “sy toestand het nie opneming geregverdig nie”.
9. Die pasiënt verkeer in 'n ernstige maar stabiele toestand.
10. Op 28 September het hy kontak met vyf skoolkinders gehad voor hy per ambulans na die Texas Health Presbiteriaanse hospitaal in Dallas gebring is en in streng afsondering geplaas is.
11. Die skole is geleë naby Vickery Meadows, 'n buurt met meestal immigrante waar die pasiënt by familielede tuisgegaan het.
12. “Die kinders is uitgeken en hulle word gemonitor; die siekte kan nie oorgedra word voor enige simptome verskyn nie,” sê Texas se goewerneur, Rick Perry.
13. Clara Sheard sê een van die leerders wat uit die skool geneem is, is 'n klasmaat van haar kleindogter, wat in gr. 7 is.
14. “Toe ek ná skool met haar praat, het sy my vertel een van die leerders van Afrika is uit die skool gehaal en hy sal nie terugkeer nie,” het Clara gesê.



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 11 NOVEMBER-EKSAMEN 2014  
VRAESTEL 1

15. Talle leerders aan die Hoërskool Emmet J. Conrad, waar 'n leerder huis toe gestuur is, se reaksie was dat hulle bewus is van die Ebola-epidemie in Afrika, maar is verbaas om te hoor dis nou naby aan hulle.
16. "Ek het nie paranoïes geraak nie," het die gr. 11-leerder Jazmin Edward gesê. "Ons onderwysers het gesê ons moet ons hande was en van mense wegbly; dis wat ek gaan doen."
17. Die hoërskool het ouers laat weet dat die kind geen simptome toon nie.
18. Die inkubasietydperk vir Ebola is tussen twee en 21 dae. Pasiënte is nie aansteeklik nie tot hulle simptome begin toon. Ebola kan lei tot massiewe bloeding en lewensgevaarlike orgaanversaking.
19. Die Liberiese gemeenskap in die Dallas-gebied is bekommerd oor die aankoms van Ebola in Amerika, maar het steeds vertroue in die mediese owerheid, sê Alben Tarty, 'n woordvoerder vir die Liberiese Gemeenskapsvereniging van Dallas-Fort Worth.
20. Terwyl Amerikaanse amptenare nou mense probeer opspoor, het die Ebola-sterftesyfer sedert begin vanjaar wêreldwyd tot 3 338 toegeneem (7 178 mense is al aangesteek), sê die Wêreldgesondheidsorganisasie.

*Verwerk uit Huisgenoot Digitaal van Oktober 2, 2014 Bron: Sapa-AFP /kd*

- 1.1 Wie het op 1 Oktober na mense gesoek wat moontlik kontak met 'n ebola-pasiënt gehad het? (1)
- 1.2 In watter land is die area "Dallas, Texas" wat in die leesstuk genoem word. (1)
- 1.3 Is die volgende stelling waar of onwaar. Haal 'n gedeelte van 'n sin aan om jou antwoord te bewys.  
***Gesondheidsbeamptes het net na grootmense gesoek wat dalk kontak met 'n ebola-pasiënt gehad het.*** (1)
- 1.4 Van watter land het die man gekom wat die draer van die ebola-virus was? (1)
- 1.5 Wat was die gevolg van die misverstand soos verduidelik word in paragraaf 2? (1)
- 1.6 Kies die korekte antwoorde en skryf die vraagnommer en die antwoord neer.  
Die ebola-virus kan oorgedra word 1.6.1 (slegs as jy in aanraking kom met die draer se liggaamsvloeistof/as jy selfs net aan die persoon raak) en 1.6.2 (as hulle so pas die virus gekry het/as hulle die gevolge van die virus se uitwerking toon). (2)
- 1.7 Is die volgende stelling waar of onwaar. Haal 'n gedeelte van 'n sin aan om jou antwoord te bewys.  
***Baie mense in Liberië het die ebola-virus.*** (1)
- 1.8 Wat was die doel van die man van Liberië se besoek? (1)







AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 11 NOVEMBER-EKSAMEN 2014  
VRAESTEL 1

- 1.9 Op watter datum het die man siek begin raak? (1)
- 1.10 Watter “belangrike inligting” oor die man het die hele span nie gekry nie? (1)
- 1.11 Die man van Liberië het op 25 September hospitaal toe gegaan.
- 1.11.1 Wat se simptome het die man gehad? (1)
- 1.11.2 Met watter kwale was die man gediagnoseer? (1)
- 1.11.3 Wat het die personeel toe besluit met betrekking tot die man se opname? (1)
- 1.12 Met wie het die liberiese man op 28 September kontak gehad? (1)
- 1.13 Was die Liberiese man in ‘n algemene saal geplaas toe hy opgeneem was? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)
- 1.14 Hoe was seker gemaak dat die kinders, wat met die liberiese man in aanraking gekom het, gou hulp sou kry indien hulle met die ebola-virus aangesteek was? (1)
- 1.15 Wat se familieverband bestaan tussen Clara Sheard en ‘n dogter wat in gr. 7 is, wat ‘n klasmaat is van een van die leerders wat in kontak met die virus gekom het? (1)
- 1.16 Wat was die reaksie van talle leerders aan die Hoërskool Emmet J. Conrad met betrekking tot die ebola-virus? Gee TWEE feite. (2)
- 1.17 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- ‘n Graad 11-leerder Jazmin Edward het gesê hy...
- A gaan sy hande was.
- B was verskriklik bang.
- C het paranoïes geraak.
- D gaan nog kontak hê met enige iemand. (1)
- 1.18 Is die volgende stelling waar of onwaar. Haal ‘n gedeelte van ‘n sin aan om jou antwoord te bewys.
- Iemand wat aangetseek is met die ebola-virus sal binne 24uur simptome daarvan wys.*** (1)
- 1.19 Wat veroorsaak dat jy kan sterf van die ebola-virus? Noem een oorsaak. (1)
- 1.20 Hoeveel mense, wêreldwyd, is al aangesteek met die ebola-virus? (1)
- 1.21 Hoe dink jy kan verseker word dat virusse soos die ebola-virus nie versprei nie? (1)

[25]

SPOTPRENT

- Lees die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.

 <p>Hou jy van raaisels? Ja!</p>	 <p>As 'n boom in 'n bos omval waar niemand bly nie, maak dit 'n geluid? Natuurlik! NEE!</p>
<p>Raampie 1</p>	<p>Raampie 2</p>
 <p>'n Boom wat val skep maar net 'n skokgolf in die omliggende lug. Dit word slegs 'n "klank", soos dit bekend staan, as dit die gehoororgane van 'n lewende organisme soos die mens s'n beïnvloed.</p>	 <p>Of moontlik iets wat 'n plaasvervanger vir 'n oor is soos 'n mikrofoon.</p>
<p>Raampie 3</p>	<p>Raampie 4</p>
	 <p>Het jy gisteraand na die wedstryd gekyk?</p>
<p>Raampie 5</p>	<p>Raampie 6</p>

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 11 NOVEMBER-EKSAMEN 2014  
VRAESTEL 1

1.22 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die raaisel is of...

- A klanke in bosse nie klanke is nie.
- B 'n klank nie 'n klank is nie as dit gehoor kan word.
- C oor hoeveel bome omval sonder dat daar mense is.
- D 'n klank geklassifiseer kan word as 'n klank as dit nie gehoor word nie. (1)

1.23 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die baba se mening is dat 'n klank net 'n klank is as dit...

- A 'n skokglof in 'n bos kan veroorsaak.
- B as 'n klank in 'n bos bekend staan.
- C deur 'n oor of 'n plaasvervanger daarvan gehoor word.
- D 'n plaasvervanger vir 'n mens se oor of 'n mikrofoon is. (1)

1.24 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

In die strokiesprent word gespot met die feit dat die baba \_\_\_\_\_ is as die mans.

- A ouer
- B jonger
- C mooier
- D slimmer (1)

1.25 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die verklaring deur die baba oor die kwalifikasie van wat klank is, is 'n \_\_\_\_\_ omdat dit bewys kan word.

- A feit
- B opinie
- C mening
- D suggestie (1)

1.26 Hoekom dink jy verander die mans die onderwerp na die baba se antwoord? (1)  
[5]

**AFDELING A TOTAAL [30]**

**AFDELING B – OPSOMMING**

**VRAAG 2**

INSTRUKSIES

- In die stuk is sewe gebruikerswenke van Coke.
- Verkort / som die SEWE feite in 70 of minder woorde op.
- Skryf jou feite puntsgewys neer.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.

**Gebruikerswenke van Coke**

1. Coke verwyder hardnekkige vlekke uit klere. Gooi dit saam met die waspoeier in die was en die vlekke sal verdwyn en jou klere sal lekker ruik.
2. As gevolg van die sitroensuur in die drankie maak Coke ook vetterige, vuil vensters só skoon dat dit glashelder en skoner lyk.
3. As kougom in jou hare vassit, hoef jy nie bekommerd te wees nie! Coke maak die kougom in jou hare vinnig-vinnig los. Gooi net 'n bietjie daarvan op die kougom en los dit 'n paar minute en dit kom baie maklik los.
4. As jou potte swart is, gooi net van die wonderborrels daarin en laat dit staan vir 'n paar minute waarna jy dit dan maklik kan uitskrop. Coke maak jou potte dus weer skoon en blink!
5. As jy wil ontslae te raak van harde roes, druk dan net die voorwerp in 'n beker vars Coke. Die fosforsuur in die Coke maak die roes los en dit kan dan maklik verwyder word.
6. As jou meubels bevlek is met verf, kry Coke die vlekke af. Vat 'n handdoek en week dit in Coke en vryf die verf af. Dit kom baie maklik af.
7. As jy jou motorbattery vol aangepakte suur is, gebruik jy Coke om die battery mee skoon te maak.

Verwerk van: <http://www.reshareable.tv/25-practical-uses-coca-cola.html#8d0Lr7v0ruAH3FyU.99>

**AFDELING B TOTAAL [10]**



**AFDELING C – TAAL**

**VRAAG 3 – WOORDSTRUKTURE / SINSTRUKTURE / KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie gebaseer.

**Wen 'n Carducci-sonbril ter waarde van R1 200!**

1. Carducci-sonbrille is handgemaak; dit is sterk en gemaklik, maar ook pragtig modieus – dit laat die eienaar op sy **beeste** lyk. Carducci is bekend vir klassieke ontwerp.
2. Subtiele kleure en uitstekende lense maak Carducci-sonbrille 'n moet vir die uitgelese koper. Dit is ontwerp om hom pragtig van sy taak te kwyf. C'est la vie!
3. Die Carducci-sonbrille en -brilraam is beskikbaar by uitgesoekte oogkundiges en oogartse.
4. Antwoord hierdie vraag: Watter handelsmerk is die sonbril wat jy kan wen?
5. **Bepalings & Voorwaardes:**
6. Die kompetisie sluit 6 Oktober om 17:00.
7. Jy kan soveel keer deelneem as wat jy wil.
8. Al die wenners sal lukraak gekies word en gekontak word.
9. Die kies van die wenners is finaal en daar sal geen korrespondensie daarvoor gevoer word nie.
10. Die prysborg verskaf die pryse na die trekking.
11. Deur in te skryf vir hierdie kompetisie word jy outomaties geregistreer vir Huisgenoot se nuusbrieff en om ander spesiale aanbiedinge via e-pos te ontvang.
12. Werknemers van Media24 mag nie aan die kompetisie deelneem nie.



*Deur Huisgenoot Digitaal op September 29, 2014*

- 3.1 Skryf die teenoorgestelde (antoniem) van die vetgedrukte, onderstreepte woord.  
Carducci-sonbrille is handgemaak; dit is sterk en **gemaklik**. (1)
- 3.2 Skryf die vetgedrukte, onderstreepte tyd voluit as 'n woord.  
Die kompetisie sluit 6 Oktober om **17:00**. (1)
- 3.3 Korrigeer die spelfout van die vetgedrukte, onderstreepte woord in paragraaf 1.  
Dit laat die eienaar op sy **beeste** lyk (1)
- 3.4 Herskryf die volgende sin met die voegwoord in hakies.  
Die sonbrille is 'n moet vir die uitgelese koper. Dit is pragtig ontwerp. (aangesien)  
Begin die sin so: Carducci-sonbrille is ... (1)
- 3.5 Skryf die volgende sin in die toekomstige tyd.  
Carducci-sonbrille en -brilrame is by oogkundiges en oogartse beskikbaar. (1)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 11 NOVEMBER-EKSAMEN 2014  
VRAESTEL 1

- 3.6 Skryf die meervoud van die vetgedrukte, onderstreepte woord.  
Die **brilraam** is ook uniek. (1)
- 3.7 Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is:  
Watter handelsmerk is die sonbril wat jy kan wen? (1)
- 3.8 Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is:  
Jy kan soveel keer deelneem as wat jy wil. (1)
- 3.9 Skryf die verkleiningsvorm van die vetgedrukte / onderstreepte woord.  
Jy word outomaties geregistreer vir Huisgenoot se **nuusbrief**. (1)
- 3.10 Skryf die volgende sin in die negatiewe vorm.  
Elkeen van die wenners sal lukraak gekies word. (1)
- 3.11 Skryf die volgende sin oor in die aktiewe / bedrywende vorm.  
Die prysborg verskaf die pryse na die trekking. (1)

**VRAAG 4 – WOORDSTRUKTURE / SINSTRUKTURE / KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.



- 4.1 Skryf die korrekte vorm van die vetgedrukte / onderstreepte woorde.  
Dis 'n kamp **van wat** jou hond sal hou! (1)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 11 NOVEMBER-EKSAMEN 2014  
VRAESTEL 1

- 4.2 Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.  
Ek skryf jou in vir 'n Wiskundekamp. (1)
- 4.3 Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede.  
Die hond sê: "Ek sal nie gaan nie." (2)
- 4.4 Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede.  
Die hond vra: "Hoe laat vertrek die bus?" (2)
- 4.5 Verdeel die vetgedrukte, onderstreepte woord in lettergrepe.  
Dan eerder **Wiskunde**. (1)
- 4.6 Skryf die volgende sin oor in die passiewe / lydende vorm.  
Jy het te veel geld spandeer (1)

**VRAAG 5 – WOORDSTRUKTURE / SINSTRUKTURE / KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

- Die taalvrae wat volg, is op die internet-artikel gebaseer.

**Vrou betaal belasting met 30kg se kleingeld**

1. 'n Ontevrede, kwaad belastingbetaler in die suide van Frankryk het haar jaarlikse aanslag met 30 kg se kleingeld betaal uit protes teen hoe belasting in gevorder word.
2. Die arm, werklose 28-jarige vrou, wat net as Audrey D. bekendstaan, moes sowat R15 500 inkomstebelasting betaal op haar salaris van 2013, wat sowat R19 600 beloop het.
3. "Ek moes my motor verkoop om die belasting betyds te kon betaal," het sy aan AFP gesê.
4. In Frankryk **hef** hulle inkomstebelasting een keer per jaar (in September) op die salaris wat die vorige jaar verdien is.
5. Aanvanklik het sy na die belastingkantoor gegaan waar sy die aanslag in 'n enkele kontantbedrag wou betaal. "So is dit minder pynlik," het sy gesê.
6. Maar amptenare, wat nie te vriendelik was nie, het haar vertel sy kan net R4 200 op 'n slag betaal. Sy het die eerste drie dele betaal en het toe besluit om haar **stem dik te maak** met die oorblywende R2 900.
7. Sy het by die belastingkantoor binnegestap met 'n spaarbussie en rolletjies een-, twee- en vyfsentmunte.
8. "Ek het 'n goeie vriend by 'n bank wat my gehelp het," het sy verduidelik.
9. Sy het die spaarbussie met haar geld op die toonbank gebreek en die kleingeld oorhandig.
10. Aanvanklik is sy stief behandel, maar naderhand het die amptenare die humor in die saak gesien en lighartiger geraak terwyl hulle die geld getel het.



*Deur Huisgenoot Digitaal op September 17, 2014*

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 11 NOVEMBER-EKSAMEN 2014  
VRAESTEL 1

- 5.1.1 Skryf die vergrotende trap van die vetgedrukte / onderstreepte woord.  
'n Ontevrede,  **kwaad**  belastingbetaler het haar belasting met kleingeld betaal. (1)
- 5.1.2 Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte / onderstreepte woord.  
Die  **arm**  vrou moes sowat R15 500 inkomstebelasting betaal. (1)
- 5.1.3 Identifiseer die hoofsin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer.  
Sy moes inkomstebelasting betaal, wat sowat R19 600 beloop het. (1)
- 5.1.4 Identifiseer die bysin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer.  
In Frankryk hef hulle inkomstebelasting een keer per jaar (in September) op die salaris wat die vorige jaar verdien is. (1)
- 5.1.5 Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Kolom A		Kolom B	
5.1.5.1	Afleiding	A	inkomstebelasting
5.1.5.2	Samestelling	B	enkele
5.1.5.3	Samestellende Afleiding	C	kleingeld

(3)

- 5.1.6 Identifiseer die bywoordelike bepaling in die volgende sin:  
Aanvanklik het sy na die belastingkantoor gegaan waar sy die aanslag in 'n enkele kontantbedrag wou betaal. (1)
- 5.1.7 Identifiseer die byvoeglike bepaling in die volgende sin:  
Maar amptenare, wat nie te vriendelik was nie, het haar vertel sy kan net R4 200 op 'n slag betaal. (1)

**Hef<sup>1</sup> snw. (-te; hewwe).** Handvatsel, meestal van 'n ander stof as dié van die voorwerp waaraan die handvatsel is.

**Hef<sup>2</sup>, ww. (gehef).** **1.** In die hoogte lig; oplig, optel. **2.** Van die grond na bo lig; oplig, optel. **3.** Oplê, invoer, eis, in.

*Verwerk uit die HAT: bladsy; 367*

- 5.1.8 Kies die korrekte antwoorde en skryf die vraagnommer en die antwoord neer.  
  
In die konteks van die leesstuk word die vetgedrukte, onderstreepte woord in paragraaf 4 gebruik as 'n (selfstandige naamwoord/werkwoord). (1)
- 5.1.9 Gee 'n sinoniem vir die vetgedrukte, onderstreepte woord  
"Ek het 'n goeie  **vriend**  by 'n bank wat my gehelp het", verduidelik sy. (1)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 11 NOVEMBER-EKSAMEN 2014  
VRAESTEL 1

5.1.10 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter (A - D) neer.

Die idoom wat onderstreep en vetgedruk is in paragaraaf 6 beteken om...

- A      jou stem te verloor.
- B      te praat oor iets wat jou pla.
- C      hard en aanhoudend te skree.
- D      'n instrument se klank te verbeter. (1)

5.1.11 Vorm 'n nuwe woord deur die vetgedrukte / onderstreepte woorde te kombineer.  
Die **belas + amptenare** het die humor in die saak gesien. (1)

5.1.12 Stem jy saam met dit wat die vrou gedoen het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

5.1.13 Kies die korekte antwoorde en skryf die vraagnommer en die antwoord neer.

Die aanames wat ons as lesers van die artikel kan maak van die leesstuk is dat die vrou 5.1.13.1 (gelukkig/ongelukkig) was oor die reëls van hoe die belasting betaal moet word en die impak wat die skrywer wou hê met die artikel was dat ons as lesers 5.1.13.2 (met die vrou moet simpatiseer/moet dink die vrou is mal). (2)



5.2.1 Kies die korekte antwoorde en skryf die vraagnommer en die antwoord neer.

Die ontwerper van die spotprent gebruik 5.2.1.1 (manipulerende taal/geïmpliseerde taal) om by die leser tuis te bring dat kinders 5.2.1.2 (nie meer lees nie/baie meer lees) en dat hulle belangstelling meerendeels 5.2.1.3 (tegnologie/boeke) is. (3)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 11 NOVEMBER-EKSAMEN 2014  
VRAESTEL 1

- 5.2.2 Noem een tegniek wat die ontwerper gebruik om die boodskap oor te dra. (1)
- 5.2.3 Stem jy saam met die boodskap wat in die spotprent oorgedra word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**AFDELING C TOTAAL [40]**

**VRAESTEL TOTAAL [70]**